higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

(3050555)

17 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING A (2 × 40 punte).
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B (3 × 40 punte).
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik ongeveer 35 minute vir elke vraag en vyf minute om te lees.
6. Let op die puntetoewysing as ’n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.
7. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
8. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord slegs TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1: ONTLEDING

1.1 Bestudeer ILLUSTRASIE A aandagtig en beantwoord die vrae.



ILLUSTRASIE A

Marco Cochrane, *Truth is Beauty*, gesweiste staal, 1975
[Bron: *www.google/images.co.za*]

1.1.1 Ontleed die vorm in hierdie beeldhouwerk. (4)

1.1.2 Wat dink jy was die kunstenaar se bedoeling met die skep van hierdie werk? (2)

1.1.3 Hoe dra die figuur se plasing en grootte by tot die betekenis van hierdie werk? (2)


1.1.4 Sou hierdie stuk doeltreffender wees as die beeldhouwerk solied was? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.2 Bestudeer ILLUSTRASIE B en C aandagtig en beantwoord die vrae.



ILLUSTRASIE B

Gustave Caillebotte, *Pont de l'Europe*, olie op seildoek, 1876-77
[Bron: *www.google/images.co.za*]



ILLUSTRASIE C

Claude Monet, *Pont de l'Europe, Gare Saint-Lazare*, olie op seildoek, 1877
[Bron: *www.google/images.co.za*]

1.2.1 Vergelyk die wyse waarop Caillebotte en Monet kleur en lyne gebruik het in hul onderskeie skilderye van dieselfde onderwerp. Sluit by jou vergelyking in die effek wat dit op die gemoedstemming van hierdie kunswerke het. (10)

Kopiereg voorbehou

1.2.2 Hoe verskil die tegniek in ILLUSTRASIE B en ILLUSTRASIE C? (4)

1.2.3 Vergelyk die manier waarop die menslike figure in beide skilderye uitgebeeld word. Wat sê dit vir jou? (4)

1.2.4 Watter skildery verkies jy? Gee ’n rede vir jou antwoord. (2)


1.3 Bestudeer ILLUSTRASIE D en ILLUSTRASIE E aandagtig en beantwoord die vrae.

ILLUSTRASIE D



Raphael, *Madonna and Child with the Book*, olie op hout,1503 [Bron: *www.google/images.co.za*]

ILLUSTRASIE E



Eric Gill, *Madonna and Child*, houtsnee, 1919 [Bron: *www.google/images.co.za*]

1.3.1 Is ILLUSTRASIE D gestileer, naturalisties, geïdealiseer of abstrak? Hoekom? (2)

1.3.2 Is ILLUSTRASIE E gestileer, naturalisties, geïdealiseer of abstrak? Hoekom? (2)

1.3.3 Vergelyk die rol van kleur en lyne in ILLUSTRASIE D en E. (4)

1.3.4 Hoe dra die tegnieke wat in beide werke gebruik is, by tot die gemoedstemming van die kunswerke? (2)

[40]

EN/OF

VRAAG 2

Beantwoord slegs VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.

2.1 PREHISTORIESE KUNS

2.1.1 Gee die korrekte terminologie vir die volgende:

(a) Meer as twee kleure op ’n skildery

(b) ’n Klomp figure

(c) ’n Persoon in vervoering met die vermoë om siekes te genees

(d) Die buitenste laag of gekleurde oppervlak van ’n klip

(e) Geometriese ontwerpe op die klippe

(f) Graveermetode deur ’n lineêre figuur met ’n skerp klip te krap

(g) Bedrieglike afgod/gees waarin die San geglo het

(h) Beweeg van plek na plek sonder ’n vaste huis

(i) ’n Kunswerk wat deur gravering geskep word

(j) Dier wat die San as die sterkste beskou het

(10 × 1) (10)

2.1.2 Bespreek VIER voorbeelde wat die San se geloof in mitologie en toorkuns demonstreer. (4)

2.1.3 Gee SES voorbeelde van hoe die San hul omgewing gebruik het om materiaal en gereedskap te kry om skilderkuns op rotswande te skep. (6)

2.1.4 Daar was DRIE spesifieke metodes wat vir gravering gebruik is.

Noem en verduidelik elke metode. (3 × 2) (6)

2.1.5 Noem VIER diere wat teen die grotmure uitgebeeld is. (4)

2.1.6 Ontleed ’n piktogram wat jy geleer het. Sluit die naam van die werk, die ligging waar dit gevind word, die tegniek en die onderwerp by jou ontleding in. (10)

[40]

EN/OF

2.2 **VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS**

Die kuns van die vroeë 20ste eeu in Suid-Afrika het nie net die tradisies van Europese kuns weerspieël nie, maar het ook 'n onderskeie Suid-Afrikaanse smaak uitgebeeld met die plante, diere en die mense daarvan.

Bespreek hierdie stelling deur die kunswerke van TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat jy geleer het, te ontleed. Verwys na die onderwerp, tegnieke en invloede. (2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

3.1 Definieer die volgende terme:

3.1.1 *Koran*

3.1.2 *Arabesk*

3.1.3 *Monoteïsties*

3.1.4 *Mihrab*

3.1.5 *Kufiese skrif*

3.1.6 *Miniatuur*

3.1.7 *Dharma*

3.1.8 *Shikara*

3.1.9 *Om*

3.1.10 *Murti*

(10 × 2) (20)

3.2 Ontleed EEN kunswerk uit Hindoe-kuns, en verwys na die onderwerp, simboliek en tegniek. (10)

3.3 Ontleed EEN kunswerk uit Islamitiese kuns, en verwys na die onderwerp, simboliek en tegniek. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 80

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 Definieer die volgende terme:

4.1.1 *Shu*

4.1.2 *Mummifikasie*

4.1.3 *Hiërogliewe*

4.1.4 *Cartouche*

4.1.5 *Osiris*

(5 × 1) (5)

4.2 Met Egipte wat hoofsaaklik ’n woestynarea is, het die Nyl ’n uiters noodsaaklike rol in die lewens van antieke Egiptenare gespeel.

Noem VYF maniere waarop dit sigbaar was. (5)

4.3 Tabelleer die verskille tussen ’n *ware piramide* en ’n *mastaba.* (4)

4.4 Ontleed EEN skildery OF EEN beeldhouwerk wat jy geleer het. (10)

4.5 Die Groot Piramide van Giza is die oudste van die antieke Sewe Wonders van die Wêreld. Vir meer as 3 000 jaar het dit die rekord gehou as die hoogste mensgemaakte struktuur.

4.5.1 Noem die farao wat dit gebou het. (1)

4.5.2 Verduidelik die doel daarvan en noem van die goed wat daarin gesit is. (5)

4.5.3 Bespreek die argitektuur en boutegnieke daarvan. (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 The keramiekwerk van antieke Griekeland was nie net vir gebruiks- of godsdiensdoeleindes nie, maar dit was ook baie mooi. Die kleure en vorms van die vase was baie spesifiek ontwerp.

Ontleed 'n tipiese Griekse vaas wat jy geleer het. (5)

5.2 Tydens die Klassieke tydperk was daar 'n skielike toename in die vermoë van die Griekse beeldhouers om die menslike liggaam op 'n gemakliker manier uit te beeld.

Ontleed EEN beeldhouwerk uit antieke Griekeland wat hierdie stelling tipeer. (15)

5.3 Antieke Griekse argitektuur was gebaseer op noukeurigheid en uitstekende vakmanskap. Dit het hul sosiale leefstyl bevorder en ook hul gode vereer. Die Parthenon, wat bo-op die sitadel van die Acropolis staan, is 'n perfekte voorbeeld.

Ontleed die eienskappe van antieke Griekse argitektuur deur na die Parthenon of enige ander gebou te verwys. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEË CHRISTELIKE KUNS

6.1 Die rede vir die bou van die Colosseum was destyds baie strategies.

Bespreek die tipes geleenthede wat daar plaasgevind het en die rede daarvoor. (10)

6.2 Kuns in antieke Rome het 'n belangrike rol gespeel in die politiek van daardie tyd.

Verduidelik hierdie stelling deur na 'n spesifieke beeldhouwerk te verwys. (10)

6.3 Die Romeinse argitekte was vooraanstaande innoveerders wat nuwe konstruksietegnieke en nuwe materiale met bestaande tegnieke en kreatiewe ontwerpe kombineer het.

Bespreek die innoverende argitektuur en tegnieke wat gebruik is deur na die Pantheon of enige ander gebou wat jy ken, te verwys. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMAANS EN GOTIES)

7.1 Deur na 'n spesifieke verligte manuskrip te verwys, bespreek die doel daarvan en die tegniek wat gebruik is om dit te maak. (10)

7.2 Argitekontwerpe het die diep godsdiensgeloof van die mense van die Middeleeue gewys.

Bespreek enige Middeleeuse katedraal wat jy geleer het, en verwys na die boutegnieke en ontwerpelemente wat in die interieur en eksterieur gebruik is. (30)
[40]

EN/OF

VRAAG 8: RENAISSANCEKUNS

8.1 Definieer die volgende terme:

8.1.1 *Sfumato*

8.1.2 *Chiaroscuro*

8.1.3 *Lugperspektief*

8.1.4 *Fresko*

8.1.5 *Humanisme*

(5 × 2) (10)

8.2 Die kunstenaars van die Vroeë Renaissance het die Bisantynse verfstyl verwerp en het in hul uitbeelding van die menslike vorm en omgewing na realisme beweeg.

Bespreek die eienskappe van hierdie tyd deur na EEN skildery uit die Vroeë Renaissance te verwys. (10)

8.3 Die Hoë Renaissance het die kulminasie verteenwoordig van die doelwitte van die Vroeë Renaissance om figure in ruimte realisties voor te stel.

Ontleed EEN van die volgende skilderye uit die Hoë Renaissance. Sluit die spesifieke eienskappe van die tydperk in.

8.3.1 Leonardo da Vinci se *Last Supper*

8.3.2 Raphael se *The School of Athens*

8.3.3 Michelangelo se *Creation of Adam*

8.3.4 Enige ander skildery van jou keuse

(10)

8.4 Hoewel Michelangelo baie bekend was vir sy skilderye, was hy eers 'n geskoolde beeldhouer. Sy begrip van die menslike anatomie het sy beeldhouwerk lewe gegee soos nooit tevore tydens die Renaissance nie.

Verwys na hierdie stelling deur minstens EEN beeldhouwerk van Michelangelo te ontleed. (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 9: BAROKKUNS

Die Hervorming en Teenhervorming was belangrike faktore tydens die Barokera en het bygedra tot die ontwikkeling van 'n styl wat nou aan die Katolieke Kerk gekoppel was.

Wys hoe die Katolieke Kerk se invloed in die kunswerk van daardie tyd weerspieël is deur enige TWEE van die volgende barokkunswerke te ontleed:

9.1 *Conversion on the way to Damascus* – Carravaggio

9.2 *Supper at Emmaus* – Carravaggio

9.3 *Ecstasy of Saint Teresa* – Bernini

9.4 *The Raising of the Cross* – Peter Paul Rubens

9.5 Enige ander relevante kunswerk wat jy geleer het

(2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 10: ROMANTIEK, NEOKLASSISME EN REALISME

10.1 Bespreek die manier waarop die kontrasterende politieke en teoretiese oortuigings die vertolking van kuns in romantiek en neoklassisme beïnvloed het. (10)

10.2 Ontleed EEN skildery uit neoklassisme wat die eienskappe van die beweging die beste voorstel. (10)

10.3 Ontleed EEN skildery uit romantiek wat die eienskappe van die beweging die beste voorstel. (10)

10.4 Ontleed EEN skildery uit realisme wat die eienskappe van die beweging die beste voorstel. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou